# KAAPSE Brokkies
# NUUS 29 Mrt 2011

"Be a light in the dark world, for Jesus!"
HEY!
HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Terugblik op die eerste kwartaal**

1. **Wêreld biddag vir vroue by Lawrencia laer in De Novo:** Belinda het die voorgestelde boodskap gebring oor die vermeerdering van die brode en visse min wetend dat ons "die vermeerdering van die koek" self sou ervaar! Die idee was om net genoeg koek vir die dogters en vroue te bak. Nadat die eerste paar grade hul koek gekry het, het ons gewonder of daar genoeg gaan wees! Soos die koek uitgedeel was het dit egter net nie opgeraak nie! Soveel so dat die seuns ook kon kry en daar selfs oor was om vir die personeel te kon gee. Dit was werklikwaar 'n wonderwerk en ons gee aan God die eer. Dankie aan die koekbaksters, ons waardeer julle!


"I'm a shining star for Jesus" sing die dogters

genoeg koek ??




Selfs die seuns kon koek kry!

**2. Beaumont, De Hoop, Somerset-Wes en Lawrencia laerskole, Pêrel projek se kinders** geniet die verskillende programme wat ons aanbied baie. Die kinders is vir ons 'n groot bron van vreugde en om te sien hoe hulle geestelik groei fenominaal!

**3. Hebron Christen Privaatskool** het op 25 Maart met Kinder EEIII afgeskop en ons sien uit na die pad wat ons saam met hulle gaan loop. Dis wonderlik om ouers betrokke te hê wie so pas opgelei is! Dankie julle, ons is bevoorreg!

**4. Bid asb.saam vir die volgende:**

- Van 4 tot 9 April vind 3 Bybelskole EEIII plaas wat Belinda,Chris en Vanessa waarneem.
- Op 11,12,13 en 15 April vind Hope 4 Kids kliniek plaas in Somerset-Wes in die oggende van 8 tot 1

**Webtuiste**: gaan loer gerus vir meer inligting op **www.hey.org.za**


In sg kook-water situasies: is jy wortel, eier of koffieboon?

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann**